

Die Christelike Vrou

Leéf die liefde



Amptelike mondstuk van die NHSV



September 2020

Redaksioneel

'n Jaar of twee gelede het ek geskryf oor ons verbasing, verwondering en vreugde toe die jong granaatboompies somer in hul eerste jaar al twee granate gelewer het. Vandag het ek dieselfde soort emosies beleef toe ek verby die nuwe amandelboompies loop en 'n hele klompie pragtige pienk bloeisels sien.

Dit was amper asof die lente my onverwags begroet het. Dit, ten spyte van die feit dat ons reeds amptelik op 1 September Lentedag gevier het. Soos baie keer gespot word, was hierdie Lentedag egter soos vele jare vantevore koud, bewolk en reënerig hier waar ons in die Kaap bly.

Hoe dit ook al sy, lente bring nuwe lewe en somer nuwe lús vir die lewe. Die afgelope week was ek somer lús om die bossies in die blombedding voor die huis uit te trek! Dit het ek toe vandag gedoen. Dis ook die tyd van die jaar of seisoen dat baie mense *spring-cleaning* doen. Dan word kaste uitgepak en gaatjies en hoekies wat nooit die stoflap sien nie, spesiaal en behoorlik aangeraak.

Hierdie bossies uittrek en *spring-cleaning* laat my dink aan al die ander soorte bossies wat in ons lewens opkom en die stof wat oor ons verhoudings en lewenslus kom lê. Net soos daar altyd onkruid tussen die blomme en groente sal opkom, sal daar ook onkruid in ons lewens kom wat uitgeroei moet word. As ons nie daardie onkruid met mag en mening beveg nie, sal dit maklik oorneem en die blomme verdring. Onthou ook wat sê die gelykenis van die saaiër: Daar waar die dorings en distels groei, kan die saad nie gedy nie.

Dit is nou 'n goeie tyd om in die tuin van jou lewe te werk: Trek die bossies uit, spit die grond 'n bietjie los, gee voeding, gee water – versorg jou lewenstuin sodat die blomme, groente en vrugte kan groei en vreugde kan gee.

Hannelie



*Die onbekende van
tegnologie*



Die onbekende van tegnologie

Sonette Benson

***Now, I've heard there was a secret chord
That David played, and it pleased the Lord
But you don't really care for music, do you?***

Hierdie is die openingsreëls van Leonard Cohen se bekende lied *Hallelujah*. Anders as wat hierin gestel word, was dit beslis musiek liefhebbers wat op Saterdagmiddag 27 Junie 2020 saamgetrek het om na die aanlynvertoning van Mathys Roets te kyk. 'n Vertoning spesiaal vir die NHSV.

Die vertoning gedeelte was maklik en bekend, maar aanlyn op Facebook – dit was vreemd en heeltemal 'n ander storie. Waar ek nou hier in Augustus die artikel skryf en weet Vrouedag word hierdie maand gevier, verstaan ek heeltemal hoe vroue kaalvoet oor die Drakensberge kon trek. Ek het oproepe ontvang waar dames aan die ander kant sê: *Ons is in! ... maar kan jy my vertel hoe dit werk, want ek het geen kennis van hierdie soort tegnologie nie.*

Vir ander het 'n nuwe wêreld in die grendeltyd weer oopgegaan, want met webinare en aanlynvertonings hoef hulle nie meer 600 km ver te reis om iets by te woon nie; dit is nou in die gemak van hul sitkamers binne bereik met die druk van 'n knoppie.

Mathys is 'n man met ongelooflike geduld, en daar was nie 'n vraag waarvoor hy nie 'n antwoord gehad het of 'n oplossing voor kon vind nie. Daar was 28 takke wat saamgewerk het, en die laaste uur voor die vertoning moes daar omtrent bontgestaan word soos die kaartjieverkope ingekom het.

Toe 19:00 aanbreek, is die gehoor saamgestel uit families en vriende van die NHSV wat saamgekyk het uit die buiteland. Name uit lande soos Kanada, Ierland, die Verenigde Arabiese Emirate, Australië en Botswana het op die skerm verskyn. Die Suid-Afrikaners in die gehoor was ook van heinde en ver – Vredenburg tot Magaliesburg, Swellendam tot Secunda, Port Elizabeth tot Marble Hall, en talle dorpe en stede tussenin.

Mathys het op 'n besondere manier hulde gebring aan die NHSV se werk op verskeie gebiede oor die afgelope 80 jaar. Sy fluweelstem met die uitvoering van Koos du Plessis, Leonard Cohen en Roger Whittaker se musiek het vir talle vreugde besorg. Na nege jaar vertel Mathys weer 'n storie met 'n nuwe CD-uitreiking, *Reën*, en ons was bevoorreg om na drie van die snitte te luister.

Die 80-minute-vertoning het verbygevlug en ons kon die aand afsluit met die wete dat, al kan ons nie almal saam in een saal 'n vertoning bywoon nie, daar ander opsies is wat gebruik kan word om ons saam te snoer.

***Net soos gister, net soos nou
is daar dinge en baie mense waarvan ek hou,
maar ek sukkel nog met my hart
ja, hy wissel nog gedurig tussen warm en koud,
in my lewe.***

Net soos in Mathys se lied *In my Lewe*, wissel my hart ook in die grendeltyd tussen warm en koud, maar ek het beleef hoe vroue bereid is om die onbekende (tegnologie) aan te vat en so ook ander se harte warm te laat saamklop op 'n onvergeetlike aand. Net soos gister en net soos nou, sal grendeltyd verbygaan en ons sal weet dat ons geleer het, al was dit van aanlynvertonings en senior burgers wat net Facebook-profiële wil hê vir die duur van die vertoning.

JUNIE
27
2020

facebook
LIVE

NHKA
NEDERDUIÏSCH HERVORMDE Sustersvereniging

BIED AAN
MATHYS ROETS
AANLYNVERTONING

R75 per Facebook-rekening • 19:00
Vertoning sal vir 5 dae na die tyd nog beskikbaar wees



Die klim na die kruin

Die klim na die kruin

van Kilimandjaro

Mev Mari-lizé Beukes

In die Augustus-uitgawe van Die Christelike Vrou het ons as deel van ons Vrouemaandvieringe vertel van Mari van Wyk, predikantsvrou van Gemeente Kaapstad, se betrokkenheid by die [Thuli Madonsela Women's Day Executive Climb](#). Hulle het die piek van berg Kilimandjaro, in die noordooste van Tanzanië, op Vrouedag 9 Augustus 2019 bereik.

Maar hoe berei 'n mens voor vir 'n bergklimmekspedisie om die hoogste berg in Afrika se piek te bereik op 5 895 meter bo seevlak, die hoogste losstaande berg in die wêreld, as jy dit nog nooit vantevore gedoen het nie? Wat beleef 'n mens daar op die berg waar jy tree vir tree saam met ander spanlede hierdie ongelooflike uitdaging aanpak? Kom beleef hierdie ekspedisie saam met ons in Mari se eie woorde.

Voorbereiding

Ons het ses maande gehad om voor te berei vir die Kilimandjaro-bergeklimmekspedisie. Almal moes self verantwoordelikheid neem vir hul eie fiksheid. Ek het omtrent elke oggend gaan draf en drie dae per week Tafelberg gaan klim. Party dae het ons tot drie keer op en af gegaan. Ons het ook as 'n groep twee keer saam in die Drakensberge gaan stap. 'n WhatsApp-groep het gehelp dat ons gereeld kontak met mekaar gehad het. Teen 4 Augustus 2019 toe ons vertrek het, was ons heel gemaklik met mekaar.

Uitdagings en ontberings op die berg

Die koue sal my altyd bybly. Van 3 800 meter af is 'n mens permanent bo die wolke. Dit is prentjiemooi, maar baie koud. Daar is nie stortgeriewe nie. Jy kry elke oggend en aand twee liter warm water om mee te was.

Porters het gehelp om ons *duffle bags* te dra. Die minimum is ingepak, want die sak mag nie 20 kg oorskry nie. 'n Mens dra jou eie rugsak met al jou daaglikse benodighede – dit is ongeveer 10 kg. Hierdie *porters* is die helde van die berg. Hulle het goed na ons omgesien.

Kos op die berg was voldoende. Ons het 'n goeie balans van proteïene, koolhidrate, groente en vrugte gekry – waatlemoen was elke dag ook op die spyskaart; die *porters* dra die kos elke dag op en af.

In die hutte waarin ons oornag het, kon ses persone slaap. Daar was net drie bunkerbeddens en 'n klein tafeltjie. Maar ons het elke aand warm geslaap.


Ons het elke oggend om 05:00 opgestaan, aangetrek, ontbyt geëet en die voorskrifte vir die dag ontvang, en gewoonlik was almal teen 08:00 reg om die pad te vat. Dit is 'n stadige stap wat jou help om te akklimatiseer en *altitude sickness* te voorkom. As moeder natuur roep, moes jy maar 'n plekkie in die bos en later agter 'n klip in die vlaktes soek. Privaatheid is min, maar respek vir mekaar baie!

In die middel van die oggend is daar gestop vir 'n vinnige versnapering waarvoor jy self voorsiening moes maak. Middagetes is op spesifieke punte bedien om seker te maak ons bly op tyd. Elke dag was tussen agt en nege ure se stap. Die dun lug maak jou gouer moeg en ons was altyd dankbaar wanneer die kamp in sig kom.

'n Mens raak gou gewoond aan die ritme.

Die kruin van Kilimandjaro

Die *summit*-dag was lank. Ons het sesuur die aand van 8 Augustus by die *Kibo*-hutte aangekom. Hier het iets verkeerd gegaan, want ons





Dag 4

Op pad na Kibo Hut – basiskamp waarvandaan ons na die kruin gaan klim.



Links:

By Kibo Hut saam met 'n kollega van my.

Bo:

22:00 – gereed vir die staptog deur die nag om die kruin te bestyg.

*Die klim
na die kruin*

Die klim na die kruin



Dag 5:

Bo:

Sonsopkoms oor Mawenzi op pad na die kruin van Kilimandjaro.

Links:

09:00 – Richard Mabaso, stigter van die Ibumba Foundation, saam met my by die kruin van Kilimandjaro, 10 ure nadat ons weg is by Kibu Hut. Waterretensie is algemeen teen baie hoë hoogtes bo seespieël, maar kan ook gevaarlik wees.

Die klim na die kruin

van Kilimandjaro

(Vervolg)

aandetevoorraad het nie daar uitgekome nie en die spandokter van Tanzanië het by 'n ander geselskap aangesluit. Daar is vining 'n plan gemaak, en ons het 'n ligte ete van pasta en groente gekry.

Ons het net twee ure gehad om te eet, te was, klere reg te kry vir die finale klim en sakke na te gaan om seker te maak ons het alles wat ons nodig mag kry. In ons rugsakke was ons medikasie, versnaperinge en drie liter water.

Om 20:00 die aand het ons gaan slaap, 22:00 het ons opgestaan en 23:00 die nag het ons begin klim. Ons het tien ure later, om 09:00 die oggend van 9 Augustus, Uhuru-piek bereik: die dak van Afrika – dit is 5 895 meter bo seevlak.

Prof Thuli Madonsela het glukoseblindheid ontwikkel en eers drie ure na die groep die kruin bereik. Een lid het net tot by *Stella Point* gekom. Die res van ons het dit gemaak. Party wel teen 'n prys. Twee lede is gehospitaliseer vir *altitude sickness*, maar het genadiglik herstel.

Na 20 minute wat ons op die kruin deurgebring het, het die afklim begin. Drie ure later was ons terug by die *Kibo*-hutte. Daar moes jy dadelik jou sakke pak en terugstap *Horombo* toe, wat ons teen 16:30 bereik het. 'n Mens stap vinniger af as op, want jy hoef nie te akklimatiseer nie.

My *porter* het my slaapsak uitgerol, my stewels vir my uitgetrek en my voete en gesig gewas. Doodmoeg is al hoe ek dit kan beskryf. Ek het geslaap tot 05:00 die volgende oggend.

Die laaste dag se stap om uit die berg te kom, was ook 'n agt-ure-stap. Terug by die hotel op *Moshi* kon 'n mens nie lank genoeg onder die stort staan nie. Dit was die lekkerste stort van my lewe!

Ons het behoorlik feesgevier, sertifikate ontvang en heerlik geslaap. Op 11 Augustus het ons almal veilig terug in Suid-Afrika geland. Ons was suksesvol.

(Mari van Wyk is die *Executive Manager for Strategic Alliances and Partnerships* by *Lexis Nexis South Africa*)









Oorwinningsdans!

Medewerkers aan hierdie uitgawe:

Ds Hannelie Botha (redakteur), mev Mari-lizé Beukes, mev Sonette Benson

Taalversorging: Tessa Oppermann

Foto's vanaf www.Pixabay.com tensy anders vermeld. Ander grafika van www.flaticon.com
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za

 www.nhsv.org.za	 Posbus 111, Worcester 6849	 diechristelikevrou@gmail.com
 diechristelike	 Christelike Vrou	 082 923 9439

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van *Die Christelike Vrou* se redaksie of die NHSV nie.